# DIE GIDS

# DIE MENS SE HART !

"En ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee." *Eseg. 36:26,27.*

Terwyl jy hierdie traktaatjie lees en die prente bestudeer, sal jy jou eie hart sien. Laat die soeklig van God toe om jou die toestand van jou hart te toon. Erken jou sondes en moet nie die bestaan daarvan ontken nie, want God se Woord vertel ons dat "as ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig." *1 Joh. 1:8,9.*

Jy word of deur Satan of deur God regeer; jy is 'n slaaf van die sonde of 'n dienskneg van God. Hy sal jou bevry deur Jesus Christus wat in die wêreld gekom het om sondaars te red, om die mag van Satan en die sonde te verbreek. Hy is ons verlossing. Jy is in die teenwoordigheid van 'n heilige God wat al die geheime, die verborge gedagtes en dade in jou lewe sien. "Want sy oë is op die weë van die mens en Hy sien al sy voetstappe. Daar is geen duisternis en daar is geen diepe donkerheid waarin die werkers van ongeregtigheid hulle in kan wegsteek nie." *Job 34:21,22.*

In die **EERSTE PRENTJIE** sien ons dat "die hart bedrieglik is bo alle dinge, ja verdorwe is dit; wie kan dit ken?" *Jer. 17:9.* "Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein. Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein." *Mark. 7:20, 21,22,23.*



**DIE POU** praat van die sonde van hoogmoed. **DIE BOKRAM** stel hier vleeslike wellus, onsedelikheid, owerspel, en hoerery voor. **DIE VARK** praat van die sonde van dronkenskap en vraatsugtigheid. **DIE SKILPAD** is 'n teken van traagheid, uitstel en toordery. **DIE LUIPERD** is 'n baie kwaadaardige dier en stel haat, boosheid en 'n slegte humeur voor. **DIE SLANG** stel jaloesie voor. **DIE PADDA** praat hier van die sondes van gulsigheid, liefde vir geld wat die wortel van alle kwaad is. *1 Tim. 6:10.* **SATAN** is die vader van alle leuenaars.



**DIE STER** is die gewete in die hart van elke mens. Hier is dit swart, onrein en boos. **DIE OOG** van God sien alles wat in die hart omgaan. Niks is verborge voor Sy vlammende oog nie. **DIE KLEIN TONGETJIES VAN VUUR** om die hart stel die Woord van God voor. **DIE DUIF** is die teken van die Heilige Gees.

**DIE TWEEDE PRENTJIE** wys 'n berouvolle hart wat begin soek na God. Hier begin hy om te luister na die boodskap van God en om sy hart vir die liefde van God oop te maak. Die Heilige Gees skyn in en die lig van God kom in en verdryf alle duisternis. Die engel hou die swaard vas, die Woord van God, want dit is "lewendig en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg en is 'n beoordelaar van die hart." *Heb. 4:12.* "Was my heeltemaal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde. Skep in my 'n rein hart, O God; en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees." *Psalm 51:2-10.*

**DIE DERDE PRENTJIE** is 'n voorstelling van die toestand van die hart van 'n **BEROUVOLLE SONDAAR.** Hy sien nou die grootheid, afskuwelikheid van al sy sondes waarvoor Jesus aan die kruis gesterf het. Hy is ontroerd met 'n diep, innige, selfverwyt en is hartseer oor al sy sonde. "Die Here is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees. *Psalm 34:19.* "Die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig van alle sonde." *1 Joh. 1:7-9.* "Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My Woord." *Jes. 66:2.* "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word." *Rom. 10:9.*




**DIE VIERDE PRENTJIE** praat van 'n Christen wat volmaakte vrede en verlossing ken deur die dood van onse Here Jesus Christus en wat gevolglik in niks anders roem nie "behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld." *Gal. 6:14.* Die Here Jesus het aan die kruis gesterf "sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe." *1 Pet. 2:24.* Ons word vermaan om te "wandel deur die Gees" want dan sal ons "nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie." *Gal. 5:16,25.* Daar is so baie sogenaamde Christene wat in die kerke bid, deelneem aan die Here se nagmaal, die liedere van God sing en nogtans, deur hulle sondige dade, voortdurend die Here Jesus opnuut kruisig. Hier sien ons ook die beurs met geld waarmee Judas die Here Jesus verraai het en Hom vir dertig sikkels silwer verkoop het. Lanterns, kettings, en so meer, was gebruik deur die soldate wat Jesus in die nag gevange geneem het. Die dobbelstene wat so dikwels vir dobbellary gebruik word, was deur die soldate gebruik om die lot te werp oor Sy klere. *Ps. 22:19.* Hulle het alles van Jesus geneem, maar Homself verwerp en gesê, "Ons wil nie dat hierdie man oor ons Koning moet wees nie."





Met 'n spies het die soldate in Sy sy gesteek, "en dadelik het daar bloed en water uitgekom." *Joh. 19:33-37.* "So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewendig is vir God in Christus Jesus, onse Here. Laat die sonde dan in julle sterflike liggame nie heers nie." *Rom. 6:11,12.* "Want julle het gesterwe en julle lewe is saam met Christus verborge in God." *Kol. 3:3.*

**DIE VYFDE PRENTJIE** stel voor die gereinigde en geheiligde hart van die sondaar wat deur die oorvloedige genade van God gered is. Dit het nou 'n ware tempel van God geword – die woonplek van God die Vader, Seun en Heilige Gees, volgens die belofte van die Here Jesus Christus. "As iemand my liefhet, sal hy My Woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom kom en by hom woning maak." *Joh. 14:23.* In plaas van die verfoeilike setel van sonde, het die hart nou 'n mooi en vrugbare boom geword wat die vrugte van die Gees voortbring, soos liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing, matigheid en ander wat welbehaaglik is in die oë van God en die mens.





In hierdie voorstelling sien ons ook hoe die engel weer verskyn. Engele is aangestel om diens te doen vir hulle wat die ewige lewe sal beërwe, en om 'n laer van beskerming te vorm rondom diegene wat die Here vrees. *Psalm 34:8.* Die duiwel is ook aanwesig. Hy staan naby die hart, asof hy die kans afwag om weer van sy vorige woonplek besit te neem. Daarom word ons vermaan om te waak en te bid, "want ons teënstander die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind." *1 Pet. 5:8.* "Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?" *1 Kor. 3:16; 6:19,20*




**DIE SESDE PRENTJIE** is 'n droewige voorstelling van 'n **AFVALLIGE.** Die een oog begin toegaan, 'n teken dat hierdie christen begin verkoel het in sy geestelike lewe en dat hy nie meer waaksaam is nie. Met die ander oog kyk hy skaamteloos rond, asof hy op die wêreld verlief is. Binnekant sy hart het die lig dof geword en die tekens in sy hart wat sy gewilligheid getoon het om saam met Christus te ly, het verminder en is nie meer opreg nie. Hy is omring van versoeking waaraan hy stadigaan toegee in plaas van om hulle te weerstaan. Hoewel hy nog 'n kerkganger is, wat sy wêreldgesindheid onder 'n dekmantel van Godsdiens versteek, het die liefde van God in sy hart verkoel. Die ster in sy hart, sy gewete, word dof. Die kruis word nie langer met 'n glimlag gedra nie, maar het 'n onwelkome en moeisame las geword. "Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig maar die vlees is swak. *Matt. 26:41.* "Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie." *Heb. 10:38.* "Dink aan die vrou van Lot." *Lukas*

**DIE SEWENDE PRENTJIE** stel voor die teruggevalle toestand van die mens, waar hy eers goed ingelig was en gesmaak het van die hemelse gawe en deelgenoot van die Heilige Gees geword het, en nou weggedraai het. 'n Man wat sy hart verhard wanneer God by hom pleit, sal laer en laer sink ten spyte van sy poging om homself te verbeter. Wat die teruggevallene betref, het die Here Jesus sy toestand self as volg beskrywe. "Wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur plekke en soek rus; en as hy dit nie kry nie, sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het. En hy kom en kry dit uitgevee en versierd. Dan gaan hy en neem sewe ander geeste, slegter as hyself, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste." *Lukas 11:24-26.* "Maar oor hulle het gekom wat die ware spreekwoord sê: Die hond het omgedraai na sy eie uitbraaksel, en die gewaste sog om te rol in die modder." *2 Pet. 2:22.*





As hierdie voorstelling ooreenstem met die toestand van jou hart, liewer leser, roep God dan sonder versuim aan uit die diepte van jou hart. Hy kan jou volkome red. "Vandag as julle Sy stem hoor verhard julle harte nie." *Heb. 4:7.* 'n Man van baie bestrawwing wat sy nek (en hart) verhard, sal onvoorsiens verbreek word sonder dat daar genesing is." *Spreuke 29:1.*




**DIE AGSTE PRENTJIE** toon ons die sondaar wat altyd uitstel, die teruggevallene wat sy dood nader. Dood (die geraamte) het op 'n baie onverwagte en uiters ongewenste tyd gekom. Die bedrieglike genietinge van die sonde het verbygegaan, maar die vreeslike werklikheid, die verskriklike loon van die sonde moet nou onder die oë gesien word. Die smarte van die hel begin toesak oor die slagoffer. Hoewel hy daarna smag om te bid, vind hy dat die gemeenskap met God wat hy solank verwaarloos het nou onbereikbaar is. "Die loon van die sonde is die dood." *Rom. 6:23.* "Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God." *Heb. 10:31.* "En toe hy in die doderyk sy oë ophef, was hy in smarte." *Lukas 16:19-31.*

**DIE NEGENDE PRENTJIE** is die voorstelling van 'n christen wat volhard het te midde van vurige aanvalle en versoekinge. Hoewel hy van alle kante verlei word, bly hy standvastig en volhard tot die einde toe en is derhalwe "meer as oorwinnaar deur Christus Jesus." Satan met al sy magte omring die hart en probeer tevergeefs om die kind van God te verlei. 'n Man wat staan en rond dans met 'n glas wyn in sy hand, poog om die christen te lok na die plesiere van die wêreld.




Dit het egter geen uitwerking op die toegewyde christen nie, aangesien hy saam met Christus vir die wêreld gesterf het. **DIE STER** van sy gewete skitter helder en blink. **DIE OOP GELDSAK** wys dat nie alleen sy hart nie, maar ook sy geld toegewy is aan God. **DIE BROOD EN DIE VIS** dui daarop dat hy 'n rein en matige lewe voer. Hy besoedel homself nie met bedwelmende drank nie. **DIE OPE BOEK** beteken dat die Bybel "n ope boek vir hom is en dat hy dit daagliks lees en bestudeer. "Wie sal ons skei van die liefde van Christus? Verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het." *Rom. 8:35-37.* Elkeen wat in Hom bly, sondig nie." *1 Joh. 3:6-10.* "Want alles wat uit God gebore is oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof." *1 Joh. 5:4,5.* "Ons is meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het." *Rom. 8:37.*




**IN DIE TIENDE PRENTJIE** sien ons dat 'n persoon wat saam met God gelewe en gewandel het, nie bang is vir die dood nie. Wanneer die tyd aanbreek dat hy moet gaan, gaan hy blymoedig, soos die Apostel Paulus dit stel: "Ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste." *Fil. 1:23.* "In die huis van my Vader is daar baie wonings . . . Ek kom weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar ek is." *Joh. 14:1-4.* "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, het God berei vir die wat Hom liefhet." *1 Kor. 2:9.* "Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle." *Openbaring 14:13.* "Mooi so goeie en getroue slaaf, oor weinig was jy getrou, . . . Gaan in in die vreugde van jou Heer." *Matt. 25:21.*

**LAAT ONS BID**: O Here ek kom na U met my sondige en verharde hart. Ek self kan dit nie verander nie. Neem my hart net soos dit is en skep in my 'n rein hart O God. Vul dit met u Heilige Gees en liefde. Amen.

---

Die gewilde "Hartboek" met sy sterk boodskap van saligheid is in meer as 500 tale verkrygbaar. Talle het reeds Jesus gevind bloot deur die illustrasies te bestudeer.

As u deur ons Evangelielektuur saligheid in Christus gevind het, of andersins seën daaruit ontvang het, laat ons asseblief weet. Ons wil graag die Here saam met u daarvoor dank, en u verder in ons gebede onthou.

Vir Evangelielektuur, boeke en gratis traktaatjies in meer as 540 tale, skryf aan:

**E-MAIL: info@angp.co.za**
**ALL NATIONS GOSPEL PUBLISHERS**
**Posbus 2191, PRETORIA, 0001, R.S.A.**
('n Evangelie-Lektuursending gefinansier deur donasies)
(Reg. No. 1961/001798/08)